**PERSOONLIKE NOTAS**

*"Jy moet onthou: In die laaste dae van die wêreld sal daar moeilike tye wees.*

*Mense sal net aan hulleself dink. Geldmaak sal vir hulle alles wees. Hulle sal grootpraat en hoogmoedig wees. Hulle sal beledigend wees teenoor ander mense en na hulle ouers sal hulle nie luister nie. Hulle sal ondankbaar wees en geen eerbied vir God hê nie.*

*Daar sal by hulle geen liefde wees nie maar hardkoppigheid, kwaadpratery en ongedissiplineerdheid. Hulle sal wreed wees en enigiets goeds veroordeel.*

*Hulle sal selfs hulle vriende verraai en roekeloos en hoogmoedig wees. Plesier sal by hulle meer tel as God.*

***Hulle sal nog aan die uiterlike vorm van die godsdiens vashou** maar die **innerlike krag daarvan sal hulle nie wil erken nie.** Met sulke mense moet jy ook nie iets te doen hê nie." 2 Tim. 3:1-5, LB.*

## Lesing 1: Om Hom Waarlik te Ken

*"En laat ons ken – laat ons dit najaag om die Here te ken…" Hos. 6:3*

### Godsdiens bied geen Lewe nie

Baie Christene praat van God, maar min **KEN** Hom. Hulle leef vasgevang in leerstellings, reëls en denominasionele gewoontes, 'n gedaante van godsaligheid, maar sonder lewe. Die wêreld kyk na hulle en sien min van Christus: Min liefde, vrede, geduld, geloof, vergewensgesindheid, genade, goedheid, selfbeheersing, sagmoedigheid of vriendelikheid.

Wat hulle wel sien, is die werke van die vlees wat Paulus beskryf in Galásiërs 5:19–21: Jaloesie, twis, selfverheffing, vyandskap, owerspel, onreinheid, tweedrag en onvergewensgesindheid, om maar 'n paar te noem.

Tog herinner Romeine 8:37 ons:

*"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."*

Maar, as ons meer as oorwinnaars is, waarom leef so min van ons oorwinnaar-lewens? Die antwoord is eenvoudig: Ons het geen persoonlike kennis van God nie. Ons weet van Hom, ja, maar ons **KEN** Hom nie.

### *"Ginosko"* Die Kennis van Intimiteit

Hoséa 4:6 sê: *"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis..."* En Hoséa 6:3 voeg by: *"En laat ons ken – laat ons dit **NAJAAG** om die Here ken…"*

Die Hebreeuse en Griekse wortelwoord vir hierdie **KEN** is *"Ginosko"* dieselfde woord wat gebruik word om die intieme verhouding tussen man en vrou binne die huwelik te beskryf.

*"En die mens (Adam) het sy vrou Eva **BEKEN**, en sy het swanger geword…" Gen. 4:1*

*"En hy (Josef) het haar (Maria) nie **BEKEN** totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie…" Matt. 1:25.*

Dis nie intellektuele kennis nie; dit is persoonlike verhouding, om God te ervaar soos 'n vriend, om Hom te beleef soos liefde self.

Ware kennis van God begin waar ons ons leerstellings agterlaat en in verhouding stap. Godsdiens gee uiterlike vorm, maar net intimiteit gee lewe. Die Heilige Gees bring ons tot hierdie plek van *fellowship,* nie bloot gesprek nie, maar gemeenskap met Hom.

**Die Pad van Herstel loop deur Intimiteit**

Wanneer ons Christus begin soek, neem die Heilige Gees ons op 'n pad van innerlike herstel. Hy open waarhede in die Skrif wat ons nie net verlig nie, maar transformeer. Hierdie openbaring bring nie net geloof nie; dit bring geregtigheid, vrede en vreugde.

*"Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie (dit waarvan jy hou nie), maar geregtigheid, vrede en blydskap (vreugde) in die Heilige Gees." Rom. 14:17*

Geregtigheid beteken 'n **REGTE VERHOUDING** met God, jouself en met jou naaste. Wanneer jou verhouding met Hom herstel word, begin vrede uit jou vloei. En uit vrede spruit vreugde en uit vreugde — krag en oorwinning.

**Die Mens is Soos Hy Dink Hy is**

Spreuke 23:7, vanuit die King James Vertaling, sê dit duidelik:

*"For as he thinketh in his heart, so is he…"*

Die meeste mense onderskat die krag van hul eie denke. Jou omstandighede, jou optrede, selfs jou liggaam, word gevorm deur wat jy innerlik glo oor jouself. Jou denke is die beeldhouer wat jou lewe vorm; 'n onsigbare hand wat jou optrede rig.

Alles wat jy deur die jare gehoor, gelees en gesien het, bou 'n innerlike beeld in jou verstand. Wanneer jy dus voor die spieël staan, vra jouself af: *Wat sê ek oor myself?* Jou woorde verklap jou denke. Wanneer jy sê: *"Ek is nie goed genoeg nie… ek is te oud… ek is 'n mislukking…"* saai jy saad van beperking. Soos iemand eendag gesê het:

*"Die woorde uit jou mond wys hoe jou hart aan die binnekant lyk."* (vgl. Spreuke 4:23)

**Die Neutrale Liggaam – Die uitvoerder van Gedagtes**

Die liggaam is nie die probleem nie, nee, die liggaam is neutraal. Hy voer net uit wat die verstand beveel. As jy glo jy is onhandig, sal jou liggaam so optree. As jy glo jy kan nie verander nie, sal jy nie. Jou denke bepaal die vlak van jou prestasie.

Daar is natuurlik uitsonderings op die reël: 'n blinde persoon sal nie 'n chirurg kan wees nie, al dink hy of sy hoeveel positiewe gedagtes en iemand sonder bene sal nie rugby kan speel nie.

Maar, die beginsel bly staan: Jou denke bepaal jou potensiaal binne jou werklikheid.

Myles Munroe het eenkeer gesê: *"No man can climb beyond the limitations of his own belief."*

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"… the joy of the Lord is your strength." Neh. 8:10, NKJV.*

*"Do not continue offering or yielding your bodily members, and faculties, to sin as intruments (tools) of wickedness. But offer and yield yourselves to God as though you have been raised from the dead to, perpetual life, and your bodily members, and faculties, to God, presenting them as implements of righteousness." Rom. 6:13, AMPC.*

**PERSOONLIKE NOTAS**

The same sun that one calls the end of day, another calls the dawn of hope. It is not the sun that changes, but the heart that chooses where to look.

**Die Verstand as Begin van Sukses**

'n Suksesvolle sakeman sien homself nooit as besluiteloos of onbekwaam nie. Hy leef binne die beeld wat hy in sy verstand geskep het. Bill Gates het tereg gesê:

*"Don't compare yourself with anyone in this world. If you do, you insult yourself."*

Sukses begin nie noodwendig met geluk of net harde werk nie; dit begin by innerlike oortuiging. Spreuke 16:20 vanuit Die Lewende Bybel sê: *"Dit sal goed gaan met 'n mens as jy aandag gee aan die Here se woord. Die een wat op Hom vertrou, is voorspoedig."*

Die mens se denke is die tuin van sy lewe, vol onkruid of vol vrugte, afhangend van watter saad hy toelaat. Met 'n hart vol probleme, dink jy net nog probleme uit. Maar met 'n hart vol geloof, begin jy nie net soos Christus dink nie, jy begin Hom leef.

Dit is eg menslik om te kyk vir dit waarna jy soek en tog verbaas te wees wanneer jy dit kry. Niemand loop in 'n bank in en verwag melk en brood nie; want waar jy jouself bevind bepaal wat jy sal aantref.

So is dit ook met die siel. As jy jou hart vestig in die winkelvenster van wanhoop, sal jy net tekorte raaksien. Maar as jy jou ingesteldheid rig op hoop, op Goddelike beloftes, dan sal selfs gebreekte landskappe blink met moontlikhede.

In dieselfde Suid-Afrika sien sommige mense 'n ashoop, terwyl ander geleenthede sien vir opstanding. Die verskil lê nie in die wêreld buite nie, maar in die wêreld binne. Selfs 'n R100-noot lyk *groot* as jy dit as donasie ín die kollekte bord gooi, maar dit lyk *klein* as jy dit vir jou gerief aanwend.  So is dit ook hoe ons na ons omstandighede kyk: Die een wat in geloof kyk, sien God se hand; die een wat in vrees kyk, sien net die dorings.

**Samevatting**

God soek nie volgelinge wat *iets oor* Hom weet nie, maar na kinders wat Hóm **KEN**. Die pad van oorwinning begin nie by wilskrag nie, maar by gemeenskap; die daaglikse, intieme ken van Hom wat in jou woon. Jou denke, woorde en dade word dan nie meer deur die wêreld bepaal nie, maar deur die waarheid dat Christus jou identiteit is.

Wanneer jy jouself sien deur Sy oë, verdwyn vrees. Wanneer jy praat soos Hy praat, beweeg jou wêreld in Sy rigting. Want die mens is altyd die vrug van sy eie denke. Ware geloof begin wanneer jou denke en jou woorde in lyn kom met God se siening oor jou. Christus nooi jou nie om weg te kyk van jou werklikheid nie, maar eerder om daarna te kyk deur Sy oë. *"Die oog gevestig op Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof..." Heb. 12:2*

**Besprekingsvrae**

1. Wat beteken die woord *"Ginosko"* volgens Hoséa 6:3?

2. Waarom leef baie Christene nie as oorwinnaars nie?

3. Wat is die verskil tussen godsdiens en verhouding?

4. Wat beteken geregtigheid in die weergebore kind van God se lewe?

5. Hoe beïnvloed ons denke ons lewe?

6. Wat beteken Spreuke 4:23 wanneer dit sê *"bewaar jou hart?"*

7. Hoekom sê ons dat die liggaam *"neutraal"* staan?

8. Wat is die eerste stap om jou lewe te verander?

9. Wat is die gevolg van 'n hart vol probleme?

10. Wat beteken dit om *"meer as 'n oorwinnaar"* te wees?

**Besprekings Antwoorde**

1. Dit beteken om God te ken deur ‘n persoonlike, intieme verhouding en nie intellektuele kennis nie.

2. Omdat hulle God ken deur ‘n leerstelling (van hul keuse) en nie deur ‘n persoonlike verhouding nie.

3. Godsdiens is reëls sonder lewe; verhouding is lewe sonder vrees.

4. Eerstens ‘n regte verhouding met God, dan jouself en ander mense en die gevolg van dit is vrede en vrede lei na vreugde (Rom. 14:17).

5. Wat jy glo oor jouself, bepaal hoe jy optree, reageer en selfs watter uitkomste jy ervaar.

6. Jou hart is die bron van lewe; wat daarin woon, bepaal jou woorde en dade (Spr. 4:23).

7. Die liggaam reageer slegs op die instruksies van jou verstand — positief of negatief (Lees Rom. 6)

8. Die eerste stap is weergeboorte (Joh. 1:12-13) en daarna om jou denke te verander en dit in lyn te bring met God se waarheid oor jou.

9. Probleme. ‘n Mens wat net die negatief in als raaksien word ‘n gevange van sy eie oortuigings.

10. Dat jy nie net oorleef nie, maar leef in die volheid van Christus se oorwinning; deur Sy denke en Sy liefde in jou.